# DIE “DA VINCI CODE” ONTBLOOT

Christo Nel

## INHOUDSOPGAWE


INLEIDEND .......... 3

DIE BETROUBAARHEID VAN DIE “THE DA VINCI CODE” .......... 4

DIE BETROUBAARHEID VAN DIE OU TESTAMENT .......... 7

DIE BETROUBAARHEID VAN DIE NUWE TESTAMENT .......... 13

OOR DIE MESSIAANSE PROFESIË IN DIE SKRIF .......... 18

OOR JESUS CHRISTUS AS GOD EN MENS .......... 23

OOR JESUS SE GOD-WEES .......... 27

OOR JESUS SE VERHOUDING MET MARIA MAGDALENA .......... 31

## INLEIDEND

Soveel gelowiges het my gevra wat my mening is oor dit wat Dan Brown vir waarheid aanbied in sy boek, THE DA VINCI CODE, dat ek uiteindelik gelei gevoel het om te gaan sit en om 'n antwoord uit die Bybel en sy inhoud vir hulle te formuleer.

Dit wat jy hier voor jou het is uiteindelik die vrug daarvan en is 'n reeks wat ek vir weke hier in Somerset-Wes aangebied het in 'n Bybelstudiegroep daaroor.

Mag dit jou ook seën.


Die skrywer

Christo Nel

Eposadres: nchristo@lantic.net

Posbus 3114

Somerset-Wes

7129

Tel 021 851 0003

Sel 082 7702397

## DIE BETROUBAARHEID VAN DIE “THE DA VINCI CODE”

Kan ek hier aan die begin van hierdie reeks erkenning gee aan die werk en navorsing van Ken Baugh, die senior leraar van Coastal Hill Community  Kerk in Aliso Viejo, wat my geweldig baie gehelp het in die voorbereiding van my eie materiaal hieroor.

Kom ons begin deur vir mekaar te sê dat Dan Brown baie navorsing gedoen het om hierdie boek te skryf.  En daarom die boek aanbied vir sy lesers as ’n novelle wat gebaseer is op, wat hy noem, historiese feite.  M a w, ons sit hier met ’n doelbewuste vermenging van waarheid en fiksie.

En soos ons nog gaan sien, as dit wat as waarheid en feite aangebied word, boonop eintlik leuens is, het ons die ideale kookpot vir twyfel.  En dit is miskien die gevaarkant van hierdie boek en film:  Die leser en kyker weet nooit wat is werklik waar en wat nie.

Aan die anderkant moet ons sê dat die boek en die film ons ‘n heerlike geleentheid gee om te doen wat 1 Pet 3:15 sê:  “In julle harte moet daar net heilige eerbied wees vir Christus die Here. Wees altyd gereed om ‘n antwoord te gee aan elkeen wat van julle ‘n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe.”

Hierdie boek is vir Dan Brown self, in sy eie woorde volgens onderhoude wat met hom gevoer is, deel van sy eie geestelike soeke na waarheid.  En dan spesifiek sy soeke as ‘n student “of many religions”.

Die draaiboek van die film gaan kortliks oor die volgende:  Prof Robert Langdon, raak betrokke by ‘n moord en in die proses, volgens Sir Leigh Teabing, by een van die oudste en besbewaarde geheime van die Kerk.  Naamlik wie Jesus en die Heilige Graal werklik is.  Volgens Teabing , is die geheim agter die Heilige Graal dat Jesus getroud was met Maria Magdalena en dat hulle ‘n kind gehad het, waarvan die nageslag vandag nog lewe.  En dan is daar nog die ander geheim, wat selfs nog belangriker is, naamlik dat die Kerk al die jare probeer wegsteek het wie Jesus werklik was.  Dat Hy bloot ‘n gewone, baie wyse man, was wat in Palestina gelewe het, wat nooit self enige aansprake gemaak het daarop dat Hy God en werklik Seun van God is of wou wees nie.  En, gaan die draaiboek voort, al die sogenaamde Gnostiese evangelies bevestig dit.  Dit was eers by die Sinode van Nicea in 325 wat geheime magte in die Kerk dit reg gekry het om Jesus se Goddelikheid in belydenis vas te lê.   Maar ook die Gnostiek en die Gnostiese evangelies (80 van hulle, volgens Brown) as vals aangedui is.  En waarsku Teabing verder, Langdon sal ontdek tot watter uiterstes die magte in die Kerk sal gaan om hierdie geheime te bewaar.

Toe Brown uitgevra is in watter mate die feite in die boek histories betroubaar is, het hy gesê dat die boek “more than fiction” is.  Met ander woorde, dat die kuns, argitektuur, geheime rituele en die geheime organisasies waarvan hy geskryf het, alles histories waar is.

Daarom bied hierdie boek en film ons as Christene geleentheid om weer opnuut te getuig of al hierdie dinge gebeur het soos Brown sê, Was Jesus Christus werklik met Maria Magdalena getroud en het hulle ‘n kind gehad? Was Hy bloot net ‘n mens of was Hy werklik God se Seun?

Ons moet besef dat hierdie vrae ontsettend belangrike vrae is vir enige mens om met erns te bejeën. Hierdie vrae lê aan die fondasie van dit wat ons as Christene glo, en kan ons en ander se hele lewe verander. Daarom gaan ons die belangrikste vrae wat in hierdie boek en film gevra word, met erns bejeën en probeer beantwoord met feite.

Want ons kan nie ontken dat hierdie boek en sy inhoud baie gelowiges se wêreld gaan skud nie, en bloot omdat hulle net nie al die feite ken nie! Maar dit is nie nodig nie! Want daar is genoeg bewys-materiaal om aan te dui dat dit wat ons glo as Christene, nie sommer net uit die lug gegryp is of blote naïewe geloof is, sonder enige betroubare gronde nie.

Daarom hierdie reeks hieroor. Om jou toe te rus in die waarheid. Om vir jou te sê dit is nie nodig om jou kop in ‘n gat in die grond te gaan wegsteek hieroor nie, want daar is beslis ander historiese feite, as net dit wat deur Brown op die tafel gesit word, wat ook in ag geneem moet word.

Ons gaan vir mekaar aandui dat min van dit wat as die belangrike historiese feite in “The Da Vinci Code” aangebied word, werklik histories waar is. Daar is bv geen getuienis dat Maria Magdalene ooit met Jesus getroud was nie; of dat daar hierdie magdom betroubare evangelies was wat doelbewus nooit in die Skrif-kanon opgeneem is nie. En die Sinode van Nicea het nooit daaroor gestem of Jesus God was of nie. En ook het die Gnostiese evangelies nooit in enige stadium in die geskiedenis die geloof van die Vroeg-Christelike kerk verteenwoordig nie. En beslis is die Christendom nie gebaseer op allerlei heidense mites uit ander godsdienste van destyds nie.

Kom ek hanteer in hierdie eerste deel seker die belangrikste vraag wat hierdie boek aan die orde stel, naamlik: waar kom dit wat ons Bybel noem, vandaan?

Ons moet besef hoe belangrik hierdie vraag eintlik is. As ‘n mens kan bewys dat groot dele van die die Bybel verkeerd is en net nie waar is nie, bevraagteken jy die totale betroubaarheid van die Bybel as God se Woord. As jy dus die geloof van Christene wil ondergrawe en vernietig, is daar net een manier om dit te doen, en dit is om die Bybel aan te val en te bewys dat dit vals is. Of om te probeer bewys dat die moderne Bybel bloot, soos Brown dan Teabing laat sê, “was compiled and edited by men who possessed a political agenda – to promote the divinity of the man Jesus Christ and use His influence to solidify their own power base.” (bl 317)

Waarmee het ons te make in die Bybel? Kom ons laat net eers die Bybel self hierdie vraag beantwoord – in 'n latere deel van hierdie reeks sal ons ander historiese skrywes en feite laat spreek daaroor. Die twee Bybelgedeeltes wat dit goed beantwoord is 2 Tim 3:16 en 17 en 2 Pet 1:20 en 21.

2 Tim 3:16 en 17 sê: "Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk." M a w die hele Bybel, Ou en Nuwe Testament, is deur mense geskryf wat deur God "ge-inspireer" is, en daarom in sy oorspronklike vorm, in Hebreeus en Grieks, totaal betroubaar is. Dié sowat 40 skrywers, elkeen met sy eie persoonlikheid en agtergrond, is deur God oor 'n tydperk van meer as 1500 jaar gebruik het om die versameling van 66 boeke, wat ons vandag beskryf as God se Woord, te skryf.

En 2 Pet 1:20 en 21 bevestig dit net as daar staan: "Dít veral moet julle weet: geen profesie in die Skrif kan op grond van eie insig reg uitgelê word nie, want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie. Nee, deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig." Hoor jy? Die Bybel self maak aanspraak daarop dat dit God se Woord is. Ja, natuurlik het God deur mense op 'n bonatuurlike wyse gewerk met die opskrifstelling van dit wat ons vandag as Bybel beskryf. Tog was elkeen van hulle aktiewe medewerkers in die neerskryf van wat hulle by God gehoor het (soos die profete) en wat hulle God gesien doen het. Maar niks hiervan verander die totale betroubaarheid van die Bybel as God se totale openbaring van wie Hy is en wat Sy hart vir die wêreld en die mensdom is nie.

En daarom kan ons vir mekaar hier al sê dat die Christene van die begin af in die Vroeg-Christelike kerk (tussen die jare 30 tot so 200 nC) reeds vir hulle self uitgemaak het dat die vier evangelies, wat in die Nuwe Testament vir ons opgeneem is, die mees betroubare geskiedenis en weergawes is van wat ons vandag kan weet oor Jesus se lewe en woorde. En dit is daar vir enigiemand om te lees. Daaruit is dit gou duidelik dat daarin merkwaardige dinge oor dit wat Jesus gesê en gedoen het, staan. Maar ook is dit daaruit duidelik dat hulle nie net aanvaar het dat Jesus bloot 'n baie wyse leermeester was wat deur baie gerespekteer is nie, maar dat hulle daarin aansprake maak dat Hy bonatuurlike wonders gedoen het, en beslis self geglo het dat Jesus self geglo het dat Hy Seun van God en self God sou wees. Verder maak hulle ook aansprake daarin dat Hy gekruisig is, gesterf het, maar weer opgestaan het uit die dode. En hulle gaan voort om te sê dat Hy ook aan ons lewe kan gee. Lewe en dit in oorvloed, soos Joh 10:10b dit sê.

## DIE BETROUBAARHEID VAN DIE OU TESTAMENT

As die Bybel nie werklik betroubaar en waar is nie, is ons geloof as Christene op leuens en stories gebou.

Daarom is dit so noodsaaklik vir ons om net weer ter wille van onsself, ons eie geloof en sekerheid, onsself te vergewis van die Bybel as onfeilbare Woord van die lewende God.

Soos ons verlede keer gesê het, is dit redelik maklik om op grond van dit wat in die Bybel self oor die Bybel gesê word, vir mekaar te kan aantoon dat die Bybel self sê dat dit God se onfeilbare Woord is.  Maar die vraag is of dit moontlik is om dit aan te toon en te bevestig uit buite-Bybelse materiaal?

En dan is die antwoord 'n luide "ja", want daar is 'n magdom buite-Bybelse getuienis wat dit bevestig.  In hierdie gedeelte gaan ons spesifiek konsentreer op Ou Testament en dit wat daaroor in buite-Bybelse gegewens gesê word.

Laat ek net eers 'n ander vraag probeer beantwoord, naamlik:  Waarom is hierdie intellektuele ondersoek hieroor nodig?

Die antwoord is eintlik heel eenvoudig:  So 'n ondersoek gaan net weer vir elkeen van ons, en natuurlik ook vir ander wat werklik ernstig soekers is, aantoon dat daar goeie, wetenskaplike en intelligente feite en redes is waarom ons glo in die Bybel en sy inhoud.  Wat net were gaan bevestig dat die Bybelse fondament van ons geloof as Christene dus stewig, en ons geloof nie bloot naïef gebaseer is op foutiewe aannames nie.

Dink 'n mens mooi daaroor na, besef jy gou dat dit lewensnoodsaaklik is waarom hierdie Bybelse fondament stewig moet wees, want ons hele lewe hier op aarde en ons hoop op 'n lewe na hierdie lewe, rus daar op.

Kom ons begin dan deur die Ou Testament en sy inhoud se betroubaarheid te toets.

Onthou wat Dan Brown in THE DA VINCI CODE oor die Bybel gesê het, naamlik

"Every faith in the world is based on fabrication. That is the definition of faith—acceptance of that which we imagine to be true, that which we cannot prove." (Page 341)

"Those who truly understand their faiths understand the stories are metaphorical.... Religious allegory has become a part of the fabric of reality. And living in that reality helps millions of people cope and be better people." (Page 342)

Maar ook :

"The Bible is a product of man...not of God." (Page 231)

"The New Testament is false testimony." (Page 345)

"The New Testament is based on fabrications." (Page 341)

"The Bible... has evolved through countless translations, additions, and revisions. History has never had a definitive version of the book." (Page 231)

Volgens Brown dus, is die Bybel die produk van die mens se eie werk, en glad nie betroubaar nie. En boonop bestaan daar soveel vertalings van die Bybel dat ons nooit met sekerheid kan aandui wat nou eintlik die ware, oorspronklike weergawe daarvan was nie. En dan is Brown vinnig om te wys na die Nag Hammadi-geskrifte wat in 1945 ontdek is, en die Qumran-geskrifte wat in 1948 ontdek is, wat volgens hom, sy oortuigings oor die Bybel as boek net sou bevestig. Naamlik dat die vroeë gelowiges Jesus net bloot as ‘n gewone mens beskou het. En dat die Bybel, soos ons dit vandag het, bloot die valse produk was van magte in die Kerk wat maar net hulle siening so ook wou oordra aan die meerderheid.

Die waarheid egter is dat die beide die ontdekkings van die wonderlikste bewyse is wat die totale betroubaarheid van die Bybel, soos ons dit vandag ken, juis bevestig. Veral as ‘n mens dink dat van al die boeke van die Ou Testament, behalwe twee (Ester en Prediker) was daar afskrifte onder hierdie geskrifte. Verder is dit merkwaardig dat as ons hierdie afskrifte vergelyk met die bestaande afskrifte wat ons tot nou toe gehad het, dit letterlik op die letter na, meer as 99% ooreenstem.

Kom ons probeer ‘n paar vrae in die verband beantwoord:

1. Hoe weet ons die Bybel is nie net deur mense geskryf nie?

A. Dan antwoord ons: Die vervulde profesieë van die Bybel, en spesifiek dié van die Ou Testament, bevestig dit.

So sou ons kon aangetoon dat ten minste 107 algemene profesieë en 98 Messiaanse profesieë van die Ou Testament reeds vervul is deur gebeure in die geskiedenis. (Ek gaan in ‘n volgende deel bv aantoon hoe van hierdie profesieë letterlik waar geword het in die lewe van Jesus van Nasaret).

Dink ‘n mens mooi oor hierdie profesieë na, besef jy dat ons hier te make het met uitsprake wat tussen 500 tot ‘n 1000 jaar voor die werklike gebeure gemaak is, en wat dan presies net soos daar staan, vervul is!

Wat maar net weer die bonatuurlike oorsprong daarvan bevestig naamlik dat dit God was wat dit gesê en geopenbaar het aan die oorspronklike profeet en skrywer daarvan.

Wat maar net weer aan ons bevestig: ‘n Perfekte God skep ‘n perfekte boek!  En as die boek nie perfek is nie, is daar ook fout met die God van die boek!

Daarom kan God, daar in Jes 41:21-24, almal wat sê hulle is god, uitdaag om dieselfde te doen as wat Hy kan doen, as Hy sê:  “Stel julle saak, gode, sê die Here, bring julle bewyse, sê die Koning van Jakob.  Kom, sê vir ons wat gaan gebeur, sê vir ons wat beteken dit wat verby is sodat ons daaroor kan nadink en kan weet waarop dit uitloop.  Of laat ons hoor wat gaan gebeur, sê vir ons wat in die toekoms gaan plaasvind dat ons kan weet of julle gode is. Doen iets, doen goed of kwaad, dan sal ons almal verbaas staan en skrik.  Maar julle is niks, julle kan niks doen nie. Wie vir julle as sy gode kies, is self afskuwelik.”

Dit is asof God sê:  Toets My as God aan My woorde deur die profete!  En kyk of dit gaan waar word wat Ek so aan julle profeteer!

En soos ons reeds gesê het:  God se profetiese woorde soveel honderde jare voor die tyd, het ‘n ider en ‘n elk waar geword!

Jes 46:10 sê: “Ek kondig vantevore aan wat later sal kom, lank tevore al wat nog nie gebeur het nie. Ek sê wat Ek besluit het en dit gebeur, wat Ek wil, doen Ek.”

Waarmee God maar net sê:  Dit is die teken dat Ek, en Ek alleen, God is.

Daarom het God as toets vir die ware profeet die volgende toets aangelê wat daar in Deut 18:20-22 staan: “ ‘n Profeet wat hom dit aanmatig om in my Naam iets te sê wat Ek hom nie beveel het nie, moet sterf. Dit geld ook van ‘n profeet wat in die naam van ander gode praat.” Wanneer jy jou afvra: Hoe sal ek die woorde kan uitken wat die Here nie met die profeet gepraat het nie? moet jy weet: as ‘n profeet iets in die Naam van die Here aankondig en dit kom nie uit nie en dit gebeur nie so nie, dan het die Here nie met die profeet gepraat nie. Dan het die profeet hom dit aangematig en hoef jy jou nie aan hom te steur nie."

B.  Maar ons tweede antwoord in die verband is dat ook die argeologie bevestig dat dit wat in die Bybel, en spesifiek in die Ou Testament, staan ten volle betroubaar is.

Nelson Glueck, die wêreldbekende Joodse argeoloog – wat nie eers ‘n Christen is nie, konstateer die volgende in die lig van al sy en sovele ander se studie en opgrawings:  “It may be stated categorically that no archaeological discovery has ever controverted a biblical reference”.  En gaan hy voort en besing hy letterlik “the almost incredibly accurate historical memory of the Bible, and particularly so when it is fortified by archaeological fact.” (In sy boek “Rivers in the desert” volgens Josh Mc Dowell se EVIDENCE THAT DEMANDS A VERDICT, bl 68).

‘n Paar voorbeelde hiervan is die volgende:

Die uitgrawings by die oud-Sodom en Gomorra, bevestig letterlik elke deel van die verhaal en die beskrywing van hoe dit daar gelyk het (waarvan ons lees in Gen 11).

In die TIME-tydskrif was daar hierdie artikel oor uitgrawing wat by Jerigo gedoen is deur Catharine Kenyan wat maar die detail van die verhaal, soos daar in Jos 6, net bevestig van hoe die mure geval en die stad agterna verbrand is. En ook dat dit presies, soos die Bybel sê, in 1400 vC gebeur het!

Na al die jare wat wetenskaplikes die bestaan van Koning Dawid en sy nageslag ontken het, weens ‘n gebrek aan wetenskaplike bewyse, het ‘n inskripsie in ‘n klipmonument aan die wêreld die bestaan van “die huis van Koning Dawid” net bevestig.

Verder het argeologiese opgrawings vir ons vele rekords van die bestaan en geskiedenis van sovele van die Konings van Israel en Juda kom bevestig.

Die aantal argeologiese bewyse wat ons hier kan aanhaal, vul letterlik honderde boeke. Wat ‘n mens tot net een slotsom bring, naamlik dit wat daar in 2 Pet 1:20 en 21 staan: “Dít veral moet julle weet: geen profesie in die Skrif kan op grond van eie insig reg uitgelê word nie, want geen profesie is ooit deur die wil van ‘n mens voortgebring nie. Nee, deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig.”

2. Wie het die Ou Testament en sy boeke geskrywe?

Al die Ou Testamentiese boeke is deur mense geskryf wat die Bybel “profete” noem, van Moses af tot by Maleagi.

Ek kan jou maar net weer, in die verband, herinner aan die toets vir die Bybelse profeet daar in Deut 18:21,22! Dan verstaan jy waarom die geskiedenis, en die feit dat juis hierdie boeke behoue gebly het, juis die betroubaarheid van hierdie profete vir ons aandui. (Dit was baie “sleg vir jou gesondheid” as jy nie ‘n ware profeet was nie! En verder sou niemand eers die moeite gedoen het om “jou woorde” vir die nageslag te bewaar nie.)

Dit is verder belangrik om vir mekaar aan te dui dat dit wat hulle geskryf het in hierdie boeke, juis bewaar is, omdat hulle, en diegene na hulle, geglo het hierdie woorde moes neergeskryf word omdat dit “God se woorde” deur die profete was. Ons lees dit juis in uitdrukkings soos “die woord van God”, of “God het gesê”, of “So sê die Here”. Wat bv ‘n Moses, Jesaja, Jeremia en Esegiël gereeld in hulle geskrifte gebruik het. Dink bv aan Jes 1:11; Ps 12:5; Num 4:41.

3. Hoe weet ons dat die Ou Testament uit dié 39 boeke bestaan wat ons vandag daarin vind?

In ‘n sin het ons dit reeds beantwoord: Profete het al 39 hierdie boeke geskrywe.

Die oorspronklike orde van hierdie boeke, soos dit in die Hebreeuse Bybel voorkom, verskil wel van die orde wat ons vandag in ons Bybels het. Die oorspronklike orde was : Eers die boeke waarna verwys word as die Torah (Genesis-Deut); dan volg al die profete (Nebhiim) - wat bestaan het uit die vroeë profete (Josua tot Konings) en die latere profete (van Jesaja, Jeremia en Esegiël af, plus die 12 kleinere profete); en dan volg die boeke wat bekend staan as die Geskrifte (Kethubhim), wat Psalms, Spreuke, Job, Hooglied, Rut, Klaagliedere, Ester, Prediker, en ook die Historiese boeke (Daniël, Esra-Nehemia en Kronieke) insluit.

4. Hoe weet ons dat die boeke van die Ou Testament, in bv Jesus se tyd, dieselfde was as die boeke wat ons vandag ken as die Ou Testament?

Die oudste volledige lys van die boeke van die Ou Testament, soos ons dit vandag het, vind ons reeds in 170 vC by Melito, die biskop van Sardis.

Ons sien ook uit Luk 20:24-44 dat Jesus self reeds die Ou Testament in sy 3 dele (die boeke van Moses; die geskrifte en die deel van Psalms af) geken het. Wat dus maar net aan ons bevestig dat dit wat Hy destyds as die Ou Testament geken het, presies dieselfde was as ons s'n vandag.

Wat alreeds aandui dat Brown se stellings oor die samestelling van ons Bybel soos dit vandag is, alles leuens is!

Die ander ding om in die verband na te verwys is die korrektheid van die teks van die Bybel. Om dit te verstaan moet ons iets weet van die geweldig streng reëls wat daar destyds geheers het vir 'n Bybelse "scribe" of Bybel-oorskrywer. Elke gedeelte van die Bybel wat oorgeskryf is, is woord vir woord, en letter vir letter getel. Verder is verse en bladsye getoets aan wat die middelste letter van die vers en bladsy is. En as dit een van hierdie toets nie sou slaag nie, al verskil daar net een letter êrens, word daardie hele oorgeskrewe geskrif verbrand en is daardie "scribe" se dienste net daar beëindig.

Jy is maar bly jy was nie 'n "scribe" van destyds nie, né!

5. Het die Ou Testament nie dalk deur allerlei veranderinge gegaan met al die vertalings wat daarvan bestaan nie?

Natuurlik bestaan daar geweldig baie vertalings van die Ou Testament, maar dit is nie 'n negatiewe ding soos Brown probeer wys nie. Inteendeel, dit bevestig juis die outoriteit en gesag van die Bybel en sy geskrifte aan ons.

En verder help ontdekkings, soos die by Qumran, maar net weer om aan te toon dat die geskrifte wat via al hierdie vertalings oor die eeue heen vir ons behoue gebly het, ongelooflik akkuraat aan ons oorgelewer is.

Elke keer as ons die Bybel toets, kom hy loshande deur.

Volgende keer toets ons die Nuwe Testament.

Net om so aan mekaar te bevestig, ons geloof is gebou op soliede rots!

## DIE BETROUBAARHEID VAN DIE NUWE TESTAMENT

Soos ek verlede keer gesê het, wil ek graag in hierdie gedeelte die egtheid en betroubaarheid van die Nuwe Testamentiese boeke hanteer.

Kom ek herinner jou net weer aan van die stellings wat Brown maak oor die betroubaarheid van die Bybel:

"The Bible is a product of man...not of God." (Page 231)

"The New Testament is false testimony." (Page 345)

"The New Testament is based on fabrications." (Page 341)

"The Bible... has evolved through countless translations, additions, and revisions. History has never had a definitive version of the book." (Page 231)

Verder sê hy via die karakters in hierdie boek en film dat dit Keiser Konstantyn was wat die 66 boeke, wat in ons Bybel vandag is, gekanoniseer het.

Kom ons probeer om in die lig hiervan ‘n paar vrae te beantwoord:

1. Hoe weet ons die 27 boeke van die Nuwe Testament is die regte boeke wat daar hoort?

Laas keer toe ons oor die Ou Testament gesels het, het ons vir mekaar gesê dat die geweldige aantal profesieë van die Ou Testament wat uiteindelik letterlik vervul is in die geskiedenis, is juis ‘n bewys van die totale betroubaarheid en egtheid van die Ou Testament.

Dit is eintlik baie logies dat as daar werklik ‘n God is, sou Hy die toekoms ken, en sou Sy profetiese woorde oor gebeure in die toekoms in vervulling tree.

Ek wil graag nou kortliks in die verband aandag gee aan die sogenaamde Messiaanse profesieë in die Bybel, wat dan in detail in die lewe van Jesus Christus histories vervul is. Daar word deur geleerdes bereken dat daar sowat 456 Messiaanse profesieë in die Hebreeuse Bybel is. Ons het beslis nie die tyd om aan elkeen daarvan aandag te gee in hierdie gedeelte nie – en ek gaan nog ‘n hele volgende sessie uitvoerig spandeer om aan te toon dat Jesus die beloofde Messias was waaroor hierdie profesieë geprofeteer het.

Kom ek fokus net op 29 profesieë wat in detail, net in die laaste 24 uur van Jesus se lewe, in vervulling gegaan het. Hierdie profesieë praat van die verloëning, die verhoor, die dood en die begrafnis van Jesus, en is almal deur verskillende profete in die 5 eeue van 1000 tot 500 v C uitgespreek.

| TEMA | PROFESIE | VERVULLING |
|---|---|---|
| Verraai deur ‘n vriend | Ps 41:9; Ps 55:12-14 | Mat 10:4;26:49,50; Joh 13:21 |
| Verkoop vir 30 silwerstukke | Sag 11:12 | Mat 26:15 |
| Geld word neergegooi in God se huis | Sag 11:13b | Mat 27:5a |
| Prys van die pottebakker se grond | Sag 11:13b | Mat 27:7 |
| Verlaat deur Sy volgelinge | Sag 13:7 | Mrk 14:50 |
| Aangekla deur valse getuies | Ps 35:11 | Mat 26:59-61 |
| Stom voor Sy aanklaers | Jes 53:7 | Mat 27:12-19 |
| Gewond en gemartel | Jes 53:5 | Mat 27:26 |
| Geslaan en bespoeg | Jes 50:6 | Mat 26:67 |
| Bespot | Ps 22:7,8 | Mat 27:31 |
| Val onder die gewig van die kruis | Ps 109:24,25 | Joh 19:17; Luk 23:26 |
| Hande en voete deurboor | Ps 22:16; Sag 12:10 | Luk 23:33 |
| Gekruisig saam met diewe | Jes 53:12 | Mat 27:38 |
| Bid vir Sy vervolgers | Jes 53:12 | Luk 23:34 |
| Verwerp deur Sy eie mense | Jes 53:3; Ps 69:8; 118:22 | Joh 7:5,48; Mat 21:42,43 |
| Gehaat sonder rede | Ps 69:4; Jes 49:7 | Joh 15:25 |
| Vriende staan ver van hom af | Ps 38:11 | Luk 23:49 |
| Mense skud hulle koppe | Ps 109:25 | Mat 27:39 |
| Staar na Hom | Ps 22:17 | Luk 23:35 |
| Klere verdeel en lot word daaroor gewerp | Ps 22:18 | Joh 19:23,24 |
| Ly dors | Ps 69:21 | Joh 19:28 |
| Gal en asyn gegee | Ps 69:21 | Mat 27:34 |
| Uitroep van godverlatenheid | Ps 22:1 | Mat 27:46 |
| Gee Homself oor aan God | Ps 31:5 | Luk 23:46 |
| Bene word nie gebreek nie | Ps 34:20 | Joh 19:33 |
| Hart gebreek, deursteek | Ps 22:14 | Joh 19:34 |
| Sy gewond | Sag 12:10 | Joh 19:34 |
| Duisternis | Amos 8:9 | Mat 27:45 |
| Begrawe in ‘n ryk man se graf | Jes 53:9 | Mat 27:57-60 |

Maar volgende keer meer spesifiek hieroor.

2. Hoe het ons die 27 boeke van die Nuwe Testament in die hande gekry?

Van die begin van die Vroeg-Christelike kerk het gelowiges aanvaar dat die boeke van die Nuwe Testament deur die eerste apostels van Jesus Christus geskryf is binne 40 tot 60 jaar na die gebeure. Dit was dus mense wat ooggetuies was van die gebeure rondom Jesus, en wat self gehoor het wat Hy en Sy Vader in hierdie tyd vir hulle gesê het (presies dus soos die profete van ouds, wat die Ou Testamentiese boeke geskryf het). Kyk 2 Pet 1:16 en 1 Joh 1:3; asook dit wat Petrus daar op Pinksterdag vir die skare gesê het in Hand 2:22-24.

Wat Petrus dus vir die skare sê is dat die meeste van hulle self getuies was van al die dinge wat Jesus gedoen en gesê het, en dit behoort vir hulle genoeg getuienis te wees dat Hy die Messias was. Hulle was immers ooggetuies van wat gebeur het.

As ons besef dat feitlik al die manuskripte van die Nuwe Testament binne 40 tot 60 jaar geskryf is na die werklike gebeure, is dit tog ‘n uitstekende bewys van die egtheid van wat geskryf is! Want hoekom sou mense soveel moeite doen om iets wat leuen was, oor te lewer aan die volgende geslag via presiese oorgeskrewe manuskripte. En verder was dit vir die skrywers feitelik onmoontlik om woorde en dade aan Jesus toe te voeg, terwyl daar soveel getuies in hulle gehoor was wat self ooggetuies was by die betrokke gebeure self! Dit is dus net logies dat die apostels dus nie kon bekostig om nie by die feite te bly nie.

Ons kan dus nie anders as om teenoor mekaar en ander met groot sekerheid te verklaar dat die Nuwe Testament soos ons dit het, ‘n wetenskaplik, betroubare “primary source” van die gebeure tydens en na die lewe van Jesus was nie.

3. Die stelling word gemaak dat daar nog nooit sekerheid was oor watter boeke nou eintlik hoort in die Nuwe Testament nie.

Hierdie stelling is, om die minste te sê, totaal absurd! Die 27 manuskripte wat in ons Nuwe Testament opgeneem is, is juis as deel van God se Woord en Bybel opgeneem omdat hulle ten minste 3 toetse geslaag het:

a. Die interne toets vir die inhoud daarvan – deur die eeue heen het gelowiges totaal oortuig gewees dat juis hierdie 27 boeke spreek van ‘n gees en ‘n Goddelike inspirasie wat in geen ander manuskrip of boek gevind kon word nie.

b. Dit het ook al die eksterne toetse wat aangelê is, met vleuende vaandels geslaag. En hier verwys ons nou na inligting wat uit buite-Bybelse bronne sou kom, soos die argeologie en geskiedens.

c. Maar dit het ook die bibliologiese toetse wat aangelê is, deur gekom. Hier gaan dit daaroor dat al die kopieë van die 27 manuskripte van die Nuwe Testament, wat oor die eeue gevind is, gedurigdeur met mekaar vergelyk is om so te verseker dat die inhoud daarvan korrek behoue gebly het. Want dit sou natuurlik ook vir ons ‘n bewys wees van die egtheid

daarvan as Woord van God, in die lig van die oortuiging en respek van die Christene oor alle tye, juis vir hierdie manuskripte en hulle inhoud as God se Woord.

Ek weet nie of jy weet nie, maar iets soos die geskiedenis van Julius Caesar, is eers ‘n 1000 jaar na die gebeure neergeskryf, en dat ons vandag maar net 10 kopieë daarvan het wat behoue êrens in die wêreld bewaar gebly het. En tog is daar nie een wetenskaplike wat die egtheid van die inhoud hiervan sou wou teëgaan nie!

Terwyl daar 24970 verskillende manuskrip-kopieë van die Nuwe Testamentiese 27 boeke aan ons oorgelewer is! Meer as enige ander manuskrip ooit in die geskiedenis! En tog vind ‘n mens al hierdie skeptisime oor die Nuwe Testament se egtheid! Eintlik totaal onwetenskaplik en bloot absurd!

4. Het die Nuwe Testament baie veranderinge ondergaan met die dat daar soveel verskillende vertalings daarvan oor die jare gemaak is?

Kom ons begin deur vir mekaar te sê dat dit bloot logies is dat daar soveel verskillende vertalings van die Bybel, en dus van die Nuwe Testament ook, bestaan. Veral in die lig daarvan dat Jesus self aan Sy dissipels opdrag gegee het om aan alle nasies in die wêreld (met hulle verskillende tale) die Evangelie te gaan verkondig!

Verder, as ‘n mens van hierdie oudste vertalings van die Nuwe Testament met mekaar vergelyk (soos dié in Siries, Kopties en Latyn), dan is dit weereens net merkwaardig hoe korrek en presies die vertalings gedoen is om juis presies ooreen te stem met die bedoeling van die oorspronklike in die Grieks.

5. Wie was Keiser Konstantyn, en was hy die een wat die boeke van die Nuwe Testament gekanoniseer het?

Die woord “kanon” in die verband beteken bloot ‘n erkende lys van boeke.

Konstantyn was ‘n Romeinse keiser. Baie verhale word vertel oor sy bekering na die Christendom toe. En daaroor sou ‘n mens lank kon gesels. Maar eintlik is dit in hierdie verband glad nie relevant nie. Want die stelling wat Brown maak is dat dit hy sou wees wat die boeke van die NT vasgestel het, wat ‘n leuen is. Hy was wel die een wat die Sinode of kerk-leiers se vergadering byeengeroep het in 325 n C te Nicea. Maar dan om die dwalinge van Arius te bespreek (wat o a gesê het dat die Vader en Jesus, die Seun, nie op dieselfde wyse God kon wees en dieselfde Goddelike natuur sou kon hê nie).

En dit is historiese feite dat die sinode van Nicea met 300 stemme teen 2 besluit het dat sy leer as dwaling afgewys moet word. Met ander woorde, dat Jesus Christus, God was soos die Vader.

Wat die boeke van die Nuwe Testament betref, het Konstantyn niks te make gehad met die vasstelling daarvan nie. Dit was immers al lankal deur die gelowiges en die Vroeg-Christelike kerk uitgemaak watter boeke wel deel van die Nuwe Testament en die res van die Bybel was. In 397 n C sou die kerk net weer amptelik die volledige lys van boeke vaspen wat hulle oortuig was deel is van die Bybel.

En so tussen hakies, die sogenaamde Gnostiese evangelies, wat Brown sê die egte evangelies sou wees, is en was nog nooit deel van hierdie erkende lys van Bybelse boeke nie. Hulle was in die eerste plek almal te jonk (200 n C en jonger) om ooit deel te kon wees van die oorspronklike Nuwe Testamentiese boeke. En verder is daar net sowat 20 van hulle en nie 80 soos Brown voorgee nie.

Kom ek sluit hierdie gedeelte af deur net weer daarop te wys dat die bedoeling van hierdie studie is nie om met Brown en sy aanhangers te baklei nie. Inteendeel. Dit is eerder om met mense, wat die boek gelees het, of die fliek gesien het, en wat vrae het, ‘n sinvolle gesprek te kan hê oor wat werklik die feite en dus die wetenskaplike waarheid is.

Volgende keer gesels ek oor Jesus as die beloofde Messias, en hoe ons selfs met Jode ‘n sinvolle gesprek hieroor kan hê.

## OOR DIE MESSIAANSE PROFESIË IN DIE SKRIF

Baie mense vra my: Moet ons as Christene na hierdie film gaan kyk? En my antwoord daarop is natuurlik dat dit ‘n persoonlike keuse is wat elkeen van ons self verantwoordelik voor God moet maak. Ek self kies egter om nie my verstand en emosies met hierdie nonsens te besoedel nie. Dit is ‘n swak film, volgens die filmkenners, en boonop, ‘n vermenging van soveel leuens met so min waarheid, dat dit ‘n uiters geskikte instrument van die vyand word.

Maar aan die anderkant is my styl nie om Christene te verbied om sulke dinge te gaan kyk nie. Eerder om hulle toe te rus om verantwoordelik te kan getuig oor wat die waarheid is. Daarom immers hierdie reeks.

Tot nou toe het ons baie klem gelê in hierdie reeks op die Bybel se betroubaarheid, want dit is juis die fokus van die aanval van die boek en die film, THE DA VINCI CODE. Wat veroorsaak dat mense veral twee groepe vrae vra, naamlik oor die betroubaarheid van die Bybel en dan ook oor die Persoon en werk van Christus Jesus. Enige aanval op die Christendom was mos maar altyd oor een van hierdie twee sake.

Vrae soos: Hoe weet ons die Bybel is werklik God se Woord? Hoe weet ons die Bybel is betroubaar? En oor die Persoon van Jesus Christus, vrae soos: Was Hy werklik ‘n historiese figuur? Was Hy die Messias waaroor geprofeteer was in die Ou Testament? Was Hy net ‘n mens, of was Hy ook God?

In hierdie gedeelte wil ek spesifiek aan hierdie vrae oor Jesus ‘n bietjie aandag gee. Want in die boek, THE DA VINCI CODE, word daar stellings gemaak soos dat Jesus net ‘n mens was. En boonop getroud. Verder word daar gesê dat, alhoewel die kerk (bedoelende die Rooms Katolieke Kerk) al die jare geleer het dat Petrus die opvolger sou wees van Jesus, Jesus eintlik self bedoel het dat dit Maria Magdalena sou wees. Omdat die Kerk dit geweet het, het hulle uit hulle pad gegaan om Maria te beswadder deur haar gelyk te stel aan die prostituut van Luk 8 (bl 232,233). Verder leer die boek dat Konstantyn die Grote, in werklikheid ‘n hoëpriester was in die Son-godsdiens. Wat in sy poging om die Roomse Ryk te verenig, besluit het om ‘n vermenging van die Christendom en die ander godsdienste te gebruik vir hierdie doel. Daarom was deel van sy plan om die figuur van Christus, wat net as ‘n mens geëer is in die vroeë Christendom, te vergoddelik en voor te stel ook as God. Om so ‘n “nuwe godsdiens” daar te stel wat, met die samewerking van die Roomse Kerk, so sy posisie as keiser sou versterk.

Enigiemand wat natuurlik die geskiedenis ken, weet dat alles wat Brown hieroor leer nonsens is en nooit so gebeur het in die geskiedenis nie. En dit is immers wat die rede vir hierdie reeks. Om ten minste ook so die belangrikste van sy leuens te ontbloot en die waarheid op die tafel te sit.

Laat ek dadelik sê dat alhoewel die Roomse Kerk aan Petrus hierdie ereposisie gegee het in die kerk, die Protestantse wêreld dit nooit gedoen het nie. Die Protestante was van die begin af oortuig dat Jesus se woorde daar in Mat 16 aan Petrus nie beteken het dat Petrus die opvolger en "rots" sou wees in die Kerk nie. Maar eerder dat die Ekklesia van God gebou sou word op die rots van die leer van die profete en apostels (m a w die leer in die Ou en Nuwe Testament!).

Verder wil ek graag aandag gee aan die Bybelse verslag oor die Persoon van die Messias en die vraag probeer beantwoord of ons genoeg bewyse het dat hierdie profesieë werklik in die lewe van Jesus van Nasaret in vervulling gegaan het. Was Hy m a w werklik die Messias?

Kom ons begin met twee ooggetuie-verslae wat ons vroeg in die Nuwe Testament kry wat baie belangrik in die verband is. Naamlik dié van Simon (daar in Luk 2:25 tot 35) en dié van Anna (daar in Luk 2:36 tot 38).

In Luk 2:25 tot 35 lees ons van hierdie ou man, Simon, wat sy hele lewe gewag het op die vervulling van die Messiaanse profesieë van die Ou Testament. En boonop beleef het dat die Heilige Gees aan hom openbaar het dat hy nie sou sterwe voordat hy die Messias self sou sien nie. Op 'n dag word hy deur die Gees na die tempel toe gelei om daar af te kom op hierdie eenvoudige Joodse gesin wat, soos die Joodse gebruik was, hulle jong baba van so agt dae oud, gebring het vir besnydenis en inseëning. Toe hy hierdie baba in sy arms neem, borrel hierdie profetiese woord uit sy mond, naamlik dat hierdie baba die langverwagte Messias was wat uiteindelik gebore is!

Op daardie oomblik kom 'n ou vrou daar aan, wat bekend was as 'n profetes. En ook sy kondig dan aan dat hierdie kind die langverwagte Messias sou wees!

Soos ons laas gesê het is daar 456 Messiaanse profesieë. Vir hierdie twee mense om te sê dat hierdie pap baba God se langverwagte Messias was, was absoluut merkwaardig, en moet met groot erns bejeën word.

Maar kom ons gesels 'n bietjie verder in detail oor die tipiese Ou Testamentiese Messiaanse verwagtinge. Van die belangrikste verse in die Ou Testament in die verband is die volgende: Jes 7:14; 9:6,7; 59:20; 62:11. En dit sowat 700 jaar voor die geboorte van Jesus van Nasaret! En dan is daar nog ander verse soos Jer 23:5,6; en Mig 5:2.

En hier kom 2 mense wat al hierdie beloftes ken en sê hulle glo dat hierdie baba, Jesus, die Messias was! Waarom? Wat het hulle geweet!

Hulle het veral 6 dinge geweet wat God oor die eeue oor die identiteit van die Messias geopenbaar het. Sodat ook jy en ek kan weet of Jesus van Nasaret werklik die langverwagte Messias was.

**1. Hy sal mens wees en nie ‘n engel of ander hemelwese nie.**

Gen 3:15 - die belangrike woorde hier in die Engels is “enmity” en “seed” (eerder as “offspring”). Hierdie begrip van haar “saad” loop dan deur die genealogie van Abraham en die ander aartsvaders van Israel, na die koningshuis van Dawid. Want, so sê die profetiese woorde, die Messias sou gebore word uit die “saad van Dawid”.

Kyk maar wat sê Paulus, vroeëre Fariseër en een van die briljante studente van Gamaliël, daar in Gal 3:16. Hy praat van “saad” in die enkelvoud, en trek dan die lyn deur na Jesus van Nasaret en konstateer dat Hy die Messias was.

Die vraag bly egter: Was Paulus se getuienis gebaseer op ander inligting wat ons moet weet?

Soos ons gesê het, ja, want daar was nog 5 ander stukke getuienis wat belangrik was in die verband.

**2. God belowe dat die Messias ’n Jood sou wees en nie uit een van die ander heidense volke gebore sou word nie.**

God het self Israel gekies as Sy volk met wie Hy ’n pad gaan loop om al die volke in die wêreld so te seën. Kyk maar na God se woorde aan Abraham daar in Gen 12:3 (18:18; 22:18).

Omdat Abraham God en Sy beloftes (ook Sy Messiaanse beloftes) geglo het, is dit hom tot geregtigheid gereken. En so sal dit vir elkeen wat na hom kom, wat ook dit glo, tot geregtigheid gereken word, en dus tot seën wees.

In Deut 7:6-8 sê God dat Hy hierdie volk ge-“heilig” het, m a w “eenkant gesit het”. Hoekom? Om al die volke van die wêreld te seën. Hoe? Veral deur die “saad” wat in hierdie volk as’t ware “gebêre” is, want die Messias sou uit hulle gebore word.

En hierdie beloftelyn loop dan deur al die aartsvaders van Abraham na Isak, na Jakob. Vgl Gen 20:13,14; Num 24:17; Gen 26:3. En telkens, soos ’n Abraham, moet hulle kies of hulle dit gaan glo. Gaan glo dat in hulle lendene “die saad” aangegee sou word tot êrens in die toekoms as die regte tyd daar is vir die Messias om gebore te word.

**3. Hy sal gebore word uit die stam van Juda, gaan die profesieë voort om Sy identiteit verder te verfyn.**

Soos ons weet het Israel, in die tyd van die regering van die seun van Salamo, verdeel in twee groepe: 10 stamme wat as Israel bekend gestaan het, en 2 stamme wat as Juda bekend gestaan het.  Maar, gaan die profetiese woord oor die Messias voort, die Messias sou, soos al die ander konings voor Hom, gebore word uit die stam van Juda.  Kyk Gen 49:10 in die verband.

**4.  Verder sal Hy gebore word uit die familie van Dawid.**

Kyk Jes 9:6,7; Ps 89:7; 2 Sam 7:14; Ps 132:7; en Jer 33:14.

Weer is die vraag:  Maar hoe weet ons dit het van Jesus van Nasaret gegeld?

Kyk na die getuienis oor Sy geslagslyn in Mat 1:1 tot 17, wat Sy geslagslyn aan Maria se kant uitstippel.  En dan ook Luk 3:23-38, wat Sy geslagslyn aan Josef se kant uitstippel.  Aan albei kante was dit dus waar oor Jesus.  Aan Maria se kant, was Hy uit die bloedlyn van Dawid, en aan Josef se kant - al was hy nie werklik Sy fisiese pa nie - was Hy wetlik uit die geslag van Dawid.

**5.  Verder, gaan die profesieë voort, sal Hy gebore word uit ’n maagd!**

Kyk wat staan daar in Jes 7:14 en dan in Mat 1:18 ev, asook in Luk 1:30 ev.

Medies-gesproke ‘n onmoontlikheid! Dit word dus al hoe moeiliker!

Hoe kon dit gebeur het?  Ons weet nie.  Dit was ’n wonderwerk wat die lewende God self gedoen het.  Hoekom?  Om so die profesieë te vervul en die identiteit van Sy gekose Messias te openbaar..

Maar ook oor die woord wat daar in Jer 22:30 staan (en dus ook in Mat 1:11,12) oor Jojagin, een van die konings uit wie se bloed- en geslagslyn Maria gebore sou word.

Die Messias kon dus, volgens God se eie woord, nie direk uit die bloedlyn van Maria gebore word nie!  ’n Goddelike wonder was dus nodig!

**6.  Hy sou gebore word in Betlehem.**

Kyk wat profeteer Miga daar in Miga 5:2!

Hoeveel duideliker wil ons dit nou hê!!  Die enigste persoon ooit in die geskiedenis wat al hierdie profesieë vervul het, was Jesus van Nasaret!  Hy is dus die Messias.

God mis nie een stukkie van die detail nie.  Nie in die geskiedenis van Sy gekose Messias se lewe nie.  Maar ook nie in ons eie lewe nie.  Hy ken tot die hare op ons elkeen se hoof.  Hy is

daar, op die toneel, om te sorg dat Sy wil en plan, in detail, net so sal gebeur.  Wat 'n troos is dit nie vir my en jou nie!

## OOR JESUS CHRISTUS AS GOD EN MENS

Kom ons som net kortliks op wat ons tot nou toe bespreek het:

In die eerste deel het ons mekaar ingelig oor hoe onbetroubaar die meerderheid feite in die boek en film, THE DA VINCI CODE, is

Daarna het ons mekaar gewys hoe betroubaar die Ou Testament se feite in die fynste detail is

En toe klem gelê op die betroubaarheid van die Nuwe Testament as ons primêre bron oor presies wat gebeur het rondom die Persoon van Jesus Christus

In deel 4 het ons gefokus op die Messiaanse profesië en aangetoon hoe hulle vervul is in die Persoon en lewe van Jesus van Nasaret

In hierdie sessie gaan ons fokus op die natuur van Jesus van Nasaret, wat deur Sy volgelinge herken is as die Messias of die Christus.

Dan Brown se karakters verklaar die volgende oor Jesus:

"Almost everything our fathers taught us about Christ is false." (bl 235)

Jesus was a "mortal prophet... a great and powerful man, but a man nonetheless. A mortal." (bl 233)

"Constantine upgraded Jesus' status almost four centuries after Jesus' death." (bl 234)

"Thousands of documents already existed chronicling His life as a mortal man." (bl 234)

"Jesus' establishment as the 'Son of God' was officially proposed and voted on by the Council of Nicea.... [and it was] "a relatively close vote at that." (bl 233)

"Many scholars claim that the early Church literally stole Jesus from His original followers, hijacking His human message, shrouding it in an impenetrable cloak of divinity, and using it to expand their own power." (bl 233)

Kom ons probeer, in die lig van hierdie stellings wat hy maak, die volgende drie vrae beantwoord:

**1. Het die dissipels en die vroeë skrywers van die NT Jesus bloot as 'n mens gesien, of ook as God?**

Brown was natuurlik nie die eerste persoon wat Jesus se persoon, en spesifiek die feit dat Hy God was wat mens geword het, bevraagteken het nie. Pres Jefferson, van Amerika, het dit al in die vroeg-19de eeu gedoen. Toe het hy al met 'n lemmetjie alles in die Nuwe Testament probeer uitsny waarmee hy nie saam gestem het nie. (Om dus so 'n Jesus na sy eie smaak te skep wat nie aanbid hoef te word nie, want sy Jesus kon nie ook God wees nie; eerder net nog 'n goeie leermeester).

Vir enigiemand wat die Bybel, en spesifiek die Nuwe Testament, goed deur lees, is dit duidelik dat Jesus self, en Sy dissipels, en al die vroeë skrywers van die Nuwe Testament, Hom beslis as die beloofde Messias van die begin af beskou het. God dus, wat mens geword het.

Kom ons toon dit vir mekaar aan. Kom ons begin by die dissipels:

Mat 16:13-16 is 'n sleutelgedeelte in die verband om dit aan te toon. In die gedeelte kom daar hierdie drie sleutelfrase voor:

"Seun van die Mens" (wat nie minder as 84 keer in die Bybel voorkom nie) . Hierdie titel kry ons vir die eerste keer by Daniël in Dan 7:13,14. Daar lees ons dat hierdie Persoon die volgende eienskappe gaan hê: Hy "kom met die wolke van die hemel" – het dus 'n Goddelike natuur; moet aanbid word (soos net God aanbid mag word); sal vir ewig lewe (wat maar weer 'n beklemtoning van Sy Goddelike natuur is). Wat aangrypend is, is dat Jesus self hierdie titel gebruik om Homself te identifiseer. En selfs Sy vyande het presies verstaan wat Hy daarmee bedoel het. Kyk bv Kajafas se woorde aan Jesus in Mat 26 en Jesus se antwoord! En dit is dan ook waarom die mense dit as godslasterlik beskou het.

En dan noem Petrus Hom die Christus, die Messias!

Maar sê ook dat Hy die Seun van die lewende God was! Hy was dus self God. (Alhoewel die dissipels nie eers mooi alles verstaan het nie, het hulle dit geglo).

(As jy na 'n paar ander stemme in die verband wil luister, luister wat sê hulle: Johannes die Doper – Luk 3:22; Petrus – Hand 2:36; Tomas – Joh 20:26-29; Stefanus – Hand 7:59.)

Maar wat sê die skrywers van die Nuwe Testament in die verband?

Lees maar net wat sê Paulus: Kol 1:19; 1:15; 2:9; 2 Kor 4:4; Fil 2:6,9-11; Tit 2:13;

En ook die skrywer van Heb 1:3,8.

En dan ook Johannes, wat seker Sy beste vriend tydens Sy lewe hier op aarde was: Joh 1:1,2; en in 1 Joh 5:20

Blaai ‘n mens na die 4 Evangelies toe, is dit gou duidelik dat Jesus self keer op keer aanspraak daarop gemaak het dat Hy God was. Selfs Sy vyande het gehoor dat Hy dit sê, en Hom juis daarom beskuldig dat Hy godslasterlik praat deur Homself gelyk te stel aan God, die Vader.

Kyk maar net na dit wat bv daar in Joh 10:24 ev staan. Hier vind ons Jesus se antwoord aan die mense wat gevra het wie is Hy nou eintlik. En dan toon Hy vir hulle aan dat Hy presies die dinge gedoen het wat juis bewys dat Hy die Messias is. En ‘n entjie verder sê Hy dan: “Ek en die Vader is een!” (Joh 10:30-33)

(Kyk ook Joh 5:17,18; 8:58; 5:23,24; 8:19; 14:9).

Wat beteken dit vir ons?

Dit beteken dat ons net een van 3 keuses het rondom die Persoon van Jesus? Of Hy was wie Hy gesê het Hy is. Of Hy was die grootste leuenaar van alle tye, wat dit reg gekry het om so eg voor te gee dat Sy woorde en Sy dade mekaar bevestig het. Of Hy was die malste mens ooit.

Net een van die 3 is moontlik. Om êrens tussenin te probeer standpunt inneem oor Hom: dat Hy bv net ‘n wonderlike leermeester sou wees, of ‘n goeie mens, is doodgewoon lafhartig. Jesus self laat jou nie toe om so ‘n vae standpunt oor Hom in te neem nie.

Jy word dus gedwing om met Jesus in Sy volle persoon erns te maak.

**2. Hoe het die vroeë-kerk se leiers gedink oor Jesus? En as daar enige twyfel rondom Sy Persoon was, wanneer het dit begin?**

Omdat Jesus se dissipels Mat 28:18 tot 20, Jesus se opdrag aan Sy volgelinge, begin gehoorsaam het, sien ons oral nuwe volgelinge opgestaan wat kies om Jesus gelowig te volg. En van hulle het dan die leiers en die vroeë kerkvaders geword in die Vroeg-Christelike kerk. Wat ander weer geleer het van Jesus en wie Hy was.

‘n Mens kan twee kategorieë leiers identifiseer:

Kategorie 1-leiers was die gemeenteleiers, of ook genoem ouderlinge of leiers. In 1 Tim 3 en Tit 1 spel Paulus dan uit wat die kenmerke van iemand moet wees wat kwalifiseer as so ‘n leier. Hulle primere rol was om die suiwer leer te verkondig. En die hart van hierdie leer was juis dat Jesus Christus die verwagte Messias was, ons Verlosser en Here. God dus, wat mens geword het.

En dan was daar die sogenaamde kategorie 2-leiers wat ook diakonos of bedienaars genoem is. In Hand 6 word hulle die eerste keer gekies en in 1 Tim 3 word hulle rol uitgespel.

Dit is baie duidelik uit die kerkgeskiedenis dat albei hierdie kategorieë leiers reeds van die begin af tot in die vroeg 200's geglo het dat Jesus 100% mens was en 100% God was.

In teologie staan hierdie leer bekend as die leer van hipostasis).

Omdat Brown so baie ook die Kerkvergadering van Nicea sê, kom ons sê iets oor hierdie soort vergaderings:

Kerkvegaderings was tot in die 6de eeu n C byeenkomste van kerkleiers wat hoofsaaklik bymekaargeroep is om die aanvalle rondom die Persoon en natuur van Christus te beantwoord. Hand 15 was die eerste een van hierdie kerkvergaderings. Die Kerkvergadering van Nicea, waaroor Brown dit spesifiek het, was juis om teen die leer van Arius standpunt in te neem. Want hy het nie geglo dat Jesus dieselfde natuur gehad het as die Vader nie. En omdat hy 'n goeie prediker was, het dit in dele van die kerk groot spanning veroorsaak. Wat Arius nog meer gevaarlik gemaak het, was dat hy sy teologie geneem het en in oulike singbare liedjies oorgesit wat almal maklik kon onthou! Keiser Konstantyn roep daarom hierdie vergadering byeen om hieroor uitsluitsel in die kerk te kry. (Natuurlik het Konstantyn ook 'n politieke agenda gehad om so die eenheid in die Romeinse ryk te red). En dan lees ons hoe hierdie kerkvergadering 300 teen 2 stemme besluit om Arius se leer af te wys.

So volg daar dan ook ander kerkvergaderings later weer hieroor: Konstantinopel (381) gaan oor die menswees van Jesus; Efese (431) – gaan oor die saak dat Jesus net een persoon was en nie 'n gesplete persoonlikheid gehad het omdat Hy God was wat mens gword het nie; Calcedon in 451 bevestig net weer die feit dat Hy 100% mens was en 100% God in een persoon.

By Calcedon het hulle ook weer in 'n belydenis gaan bely wat hulle al die jare aan vasgehou het in geloof oor die Persoon van Christus en Sy twee nature.

Dit is dus duidelik dat die kerkleiers beslis geglo het dat Jesus ook God was.

**3. Het Konstantyn Jesus "opgegradeer" na God toe, soos Brown sou beweer?**

Natuurlik nie. Dis is immers duidelik dat die Kerk dit al die jare reeds geglo het. Jesus self het dit die hele tyd aan die mense geleer en dit was ook presies wat die dissipels oor Hom geglo het. Daaroor het Sy vyande Hom gekruisig. Dit was ook presies wat die kerkleiers van die Vroeg-Christelike kerk geglo en aan die mense geleer het.

Volgende keer gesels ek oor die vraag: Maar wat het Jesus dan gedoen om te bewys dat Hy God was?

## OOR JESUS SE GOD-WEES

Een van die aantygings in die boek en film is dat Jesus nooit daarop aanspraak sou gemaak het dat Hy God was nie. En dat Hy bloot profeet en ’n goeie leermeester sou wees. En dat Sy volgelinge tot in 325 n.C. Hom net sou gesien het.

Maar hierdie aantygings het ons in die vorige gedeeltes, hopelik, deeglik weerlê. Soos ek laas aangedui het wil ek graag in hierdie deel gesels oor die volgende: Dit is nou alles goed en wel dat ons kan aandui uit die Skrif hoe Jesus vir Sy dissipels gesê het dat Hy mens en ook self God was; maar wat in Sy lewe en optrede het dit bevestig? Enigiemand kan mos maklik sê dat hy God is. Wat het gemaak dat Sy volgelinge, tot vandag toe nog, dit werklik glo?

Kom ons kyk na van hierdie bewyse: Jesus het baie vyande gehad terwyl Hy op aarde was. Hulle het geweldig met Hom baklei en Hom voor die mense probeer diskrediteer omdat Hy aanspraak gemaak het daarop dat Hy die Messias en ook God was.

Kyk bv na Mat 12:38 ev – as hulle Hom vra dat Hy nog ’n teken moet doen. Die vraag is waarom Jesus dan net vir hulle die teken van Jona aanbied as die bewys dat Hy gaan sterf en na 3 dae gaan opstaan. Waarom het Hy nie maar net nog ’n groter wonder as al die ander gedoen nie?

Die antwoord is tweërlei na my oordeel: Eerstens het Jesus al soveel wonders tot op hierdie stadium gedoen – waar baie van hulle selfs teenwoordig was. Maar hulle het eenvoudig gekies om nie dit te aanvaar as genoegsame bewyse nie. Niks dus wat Hy kon doen sou hulle kon oortuig nie.

Tweedens, daarom het Jesus besluit om nie verder met hulle speletjies saam te speel nie. En het Hy die bewys van alle bewyse vir hulle aangebied waarmee Hy vir eens en vir altyd sou bewys dat Hy wel God was, nl Sy opstanding uit die dood na 3 dae in die graf!

As ons dus die opstanding van Jesus bo alle twyfel kan bewys as ’n werklik historiese gebeure en feit, dan het ons bo alle twyfel bewys dat Jesus nie net ’n mens was nie, maar ook God.

Die opstanding van Jesus was nog deur al die eeue die een gebeure wat die fondament was vir die egtheid en waarheid van die boodskap van die Christendom. As jy dit kan diskrediteer, dan tuimel die hele boodskap van die Christendom inmekaar.

Dit het Christendom deur die eeue, en veral daar in die begin, uitgelig bo alle godsdienste, selfs Judaïsme, en gemaak dat derduisende mense in ’n kort tydbestek begin glo het.

In 1 Kor 15 maak Paulus dus die stelling dat as Christus nie uit die dood opgestaan het nie, ons die bejammerende waardigste is van alle mense, as ons steeds in Christus bly glo (vers 14 en 19).

Kom ons kyk na die bewyse waarom ons die opstanding as ’n onweerlegbare feit aanvaar (ja, wat selfs in enige hof in die wêreld bewys sal kan word).

1. Die Ou Testament het vooruit geprofeteer dat die Messias weer sou opstaan uit die dood. In Hand 2:22-32, 36 gebruik Petrus ’n Psalm van Dawid (Ps 16) om aan sy hoorders aan te dui dat Jesus was wie Hy gesê het Hy was. Dat Hy mens was, maar ook God. En die belangrikste bewys daarvoor was dat Hy sou opstaan uit die dood, soos God reeds in die Ou Testament geprofeteer het oor die Messias. (Ander gedeeltes in die Ou Testament wat ook hierna verwys is: Ps 30:3; 41:10; 118:17 en Hos 6:2; Ps 68:18a; Ps 110:1)

Paulus sou ook later op dieselfde manier Jesus as die Messias bewys, nl as die Een wat sterf en opgestaan het. Kyk Hand 17:2,3.

2. Jesus self het by vele geleenthede tydens Sy lewe op aarde aangedui dat Hy sou sterf maar weer opstaan op die derde dag. Kyk maar net na die volgende gedeeltes: Mat 16:21; 17:9; 17:22,23; 20:18,19; 26:32; Mrk 9:10; Luk 9:22-27; Joh 2:18-22).

Wat weer aandui dat Hy werklik God was. Want net God kan met soveel presiesheid, soos Jesus self gedoen het, die toekoms, ja, selfs die detail van Sy dood en opstanding, vooruit kon profeteer.

Besef jy dat Jesus Sy hele lewe in die skadu van die sekerheid van die kruis gelewe het!

3. Die derde bewys is dat Jesus werklik gesterf het aan die kruis! Maak immers sin dat niemand kan opstaan uit die dood as hy nie eers vooraf werklik gesterf het nie!

Ek weet nie of jy weet nie, maar daar was oor die jare al hierdie teorieë dat Jesus nooit werklik aan die kruis gesterf het nie. Een daarvan is natuurlik in die Koran, (in die boek, Serah) waar daar staan dat Jesus net voorgegee het dat Hy dood was. Dan was daar die sogenaamde “swoon-theory” wat in 1828 ontstaan het in ’n boek, THE LIFE OF CHRIST. Waar daar dan gesê word dat Hy in die graf tot Sy sinne gekom het. En dan was daar die “drug-theory”, wat voorgee dat van die soldate vooraf vir Jesus hierdie dwelm gegee het wat dan dit sou laat lyk of Hy sou doodgegaan het aan die kruis.

Ek en jy hoef maar net na die werklike aard van Sy lyding voor en tydens die kruisigingsgebeure te gaan kyk om te weet dat geen mens hierdie soort lyding kon verduur en steeds bly lewe het nie.

Ek weet nie of jy al ’n mediese verslag gelees het oor presies wat gebeur het in so ’n mens tydens die kruisigingsgebeure nie! Behalwe dat dit afgryslik is, is dit genoeg bewys insigselfwers om aan te dui dat Jesus gesterf het na Sy marteling en kruisiging!

Verder is dit duidelik dat die soldate, voordat hulle Hom afgehaal het van die kruis, baie seker was dat Hy dood was. En ’n Romeinse soldaat sou weet!

Kyk na die gebeure wat daar in Joh 19:31 ev hieroor vertel word. En ook in Mrk 15:42 ev.

Die feit dat die Romeinse soldate nie, soos die gebruik was, Sy bene gebreek het nie; Hom verder gesteek het met die spies in Sy sy, is alles bewys dat Hy werklik dood was.

Verder is daar uit hoevele buite-Bybelse bronne genoeg skrywers wat die feit van Sy dood en Sy opstanding histories aan ons bevestig.

En baie van hulle was nie eers Christene nie, maar doodgewoon historici wat die gebeure van daardie tyd neergepen het. Soos Cornelius Tacitus , goewerneur van Asia wat in sy geskiedskrywing oor Nero in 112 n.C. reeds hierna verwys. En dan is dan nog Lucian, Flavius Josephus, Seutonius (120 n.C.), en Plinius Secundus (120 n.C.) ens.

En dan is daar die stapels en stapels geskrifte van die vroeë kerkvaders: soos in Clement van Rome se brief aan die Korintiërs in 95 n.C. So ook in die evangelie van Ignatius in 115 n.C. En ook in die brief van Policarpus aan die Fillipense in 110 n.C. Dan sou ons nog kon verwys na geskrifte van Justin die Martelaar in 165 n.C. en Quintus Septimius Florens Terullianus wat êrens in 160 tot 220 n.C. dit in sovele van sy geskrifte bevestig het.

Ons het meer verwysings na Jesus se dood in al hierdie dokumente as oor enige historiese figuur in die geskiedenis se dood.

4. Dan is daar nog boonop die feit dat Sy graf leeg was. As Hy dan nie opgestaan het uit die dood nie, wat het geword van Sy lyk! Daar is immers genoeg bewyse dat Hy vir 3 dae in die graf was waar Hy begrawe is, en dat Sy liggaam nie meer die derde dag daar was nie!

Mat 27:62-66 vertel vir ons van die voorsorgmaatreëls wat Jesus se vyande getref het omdat hulle geweet het van Jesus se voorspellings dat Hy sou opstaan. Hulle het hierdie graf verseël en dit bewaak.

En tog was die graf leeg na drie dae! Morrison skryf in sy boek, WHO MOVE THE STONE, niemand het dit ooit betwyfel nie!

Mat 28:11-15 vertel vir ons van die storie wat die wagte moes vertel omdat die graf leeg was!

Joh 20:1-10 vertel vir ons boonop van die grafklere van Jesus!  Wat Johannes gemaak glo het dat Jesus wel opgestaan het uit die dood!

5.  En dan is daar nog die getuienis van die lewens wat verander is deur die wete dat Jesus opgestaan het uit die dood!

Kyk maar na die dissipels van Jesus.  Hierdie manne was ’n klomp bang ouens wat nie eers herken wou word as volgelinge van Jesus tydens die verhoor en kruisiging van Jesus nie!  En tog, kry ons hulle maande daarna, waar hulle onverskrokke aan almal wat wou hoor verkondig dat Jesus opgestaan het uit die dood.  Uit die geskiedenis weet ons boonop dat feitelik al hierdie dissipels bereid was om gemartel te word en selfs te sterf omdat hulle gesê het wat hulle gesê het.

Hoe verduidelik ’n mens dit?  Hoe verduidelik ’n mens die feit dat derduisende mense, tydgenote van die dissipels en van Jesus, begin glo het wat Jesus se dissipels oor Jesus se kruisiging, dood en opstanding begin sê het, en dat hulle lewens daardeur verander is?

Hand 1:3 vertel vir ons wat dit laat gebeur het:  die feit dat Jesus wel opgestaan het uit die dood en oor ’n bestek van 40 dae aan Sy dissipels en meer as 500 ander mense verskyn het as die lewende Verlosser en Messias.  Dit het aan hulle bevestig dat Hy mens was, maar ook God.

Daarom was hulle bereid om vir Hom te sterf!

‘n Mens sou dink dat oor al die jare wat vyande van Christus en die Bybel al op hoevele maniere en kere geprobeer het om hierdie feite oor Sy kruisiging, dood en opstanding as leuens af te maak, iemand sou slaag.

Maar hulle kan nie, want Hy lewe.

## OOR JESUS SE VERHOUDING MET MARIA MAGDALENA

In hierdie gedeelte gaan ons kyk na dit wat as die kern van die sogenaamde “conspiracy theory” van THE DA VINCI CODE aangebied word: naamlik Jesus se verhouding met Maria Magdalena. En spesifiek wie sy was; wat haar verhouding tot Jesus was; en wat haar rol was in die vorming van die Vroeë Christelike kerk.

Die boek en film se verhaal is eintlik ‘n herskrywe van die verhaal van die sogenaamde “Holy Grail” of “heilige graal”. Dan Brown se teorie is dan dat hierdie “heilige graal” nie die beker was waarin Jesus en sy dissipels nagmaal gedrink het en later, met Sy kruisiging, Sy bloed opgevang het nie. Nee, maar dat dit eerder die moederskoot sou wees van Maria Magdalena. Met wie Jesus getroud sou wees en by wie Hy dan ‘n kind, en spesifiek, ‘n dogter, sou hê.

Dan Brown gaan voort en konstateer dan dat die kerk dit sou geweet het, maar verswyg het. Omdat hulle nie wou toelaat dat die man se heerserposisie in die kerk enigsins in gedrang kom nie.

Daarom het die kerk Maria Magdalena se ware identiteit probeer verswyg en haar oor die eeue heen probeer diskrediteer. Want, sê Brown, sy en nie Petrus nie, was bedoel om die leier te wees in die Vroeg-Christelike kerk.

Kom ek haal vir jou so ‘n paar van hierdie stellinge van Brown in die boek hieroor aan:

- "The marriage of Jesus and Mary Magdalene is part of the historical record." (Page 245)
- The Last Supper practically shouts at the viewer that Jesus and Magdalene were a pair." (Page 244)
- Gebaseer op stellings uit die Evangelie van Fillipus, Brown konstateer dat "the companion of the Savior is Mary Magdalene. Christ loved her more than all the disciples and used to kiss her often on her mouth. The rest of the disciples were offended by it and expressed disapproval. They said to him, 'Why do you love her more than all of us?'" (Page 246)
- "The rock on which Jesus built His Church ... was not Peter ... It was Mary Magdalene." (Page 248)
- Jesus "intended for the future of His Church to be in the hands of Mary Magdalene." (Page 248)

Daarom sou Leonardo da Vinci simbole in sy skilderye inskilder om na hierdie “geheime” te verwys en so te spot met die Roomse Katolieke Kerk wat dit al die jare wou verswyg. En dan baie spesifiek in sy skildery oor die Laaste Avondmaal. Brown sê naamlik dat die persoon aan Jesus se regterkant nie dié is van Johannes (soos nog altyd gedink is nie), maar eerder dié is van ‘n vrou, naamlik Maria Magdalena!

Verder sê Brown, as jy mooi kyk, sal jy ook sien daar is twee letters ingeverf in die skildery, naamlik

- die letter V – wat dan sou dui op die heidense teken van die vroulike kant van God.
- En die letter M – wat dan sou staan vir “marriage” of “matrimony”, of vir Maria Magdalena.

Brown argumenteer voort.  Want, sê hy, dit is ondenkbaar dat Jesus nooit getroud sou wees nie.  Hy was immers ‘n Joodse man, en boonop ‘n Rabbi.  En dit sou die standaard-gebruik vir ‘n Joodse man, en ‘n Rabbi, van Sy ouderdom wees om getroud te wees.  En as Hy nie was nie, was dit ‘n geweldige skande vir sy pa en res van die gesin.  Daarom, glo Brown,  sou ten minste een van die Evangelies vir ons ‘n goeie rede aangegee het vir hoekom Hy dan nie getroud was nie.

Maar sê Brown, Hy was getroud volgens die ware evangelies – wat die kerk dan deur die jare uit die Bybel sou geweer het.

Brown verwys natuurlik na die sogenaamde Gnostiese evangelies wat bv by  Nag Hammadi in 1945 gevind is.  En dan haal hy uit van hierdie Gnostiese evangelies aan, en spesifie uit die evangelie van Fillippus.  (Wat tussen hakies, geskryf is in 275 nC, honderde jare na die 4 evangelies wat ons ken!)

En dan gaan hy ook voort om verder te kwoteer uit die evangelie van Maria Magdalena (ook sy het ‘n Evangelie geskrywe, volgens Brown).  Waarin staan dat Jesus haar hoër geag het as die res van die dissipels en haar meer lief gehad het as die res.  Petrus was daarom deur haar bedreig – en daarom het Leonardo da Vinci hom geskilder met sy hand aan haar keel in die skildery!

Brown gaan voort om deur sy hoofkarakter in die storie te konstateer dat Jesus dus die eerste aards Feminis was, wat bedoel het Sy kerk moet voortgeplant word deur ‘n vrou!

Maria Magdalena sou uit die stam van Benjamin gewees het, en ook uit die koninklike geslag wat uit hierdie stam kom.  Net soos Jesus wat ook uit ‘n koninklike geslag kom, uit die huis van Dawid, uit die stam van Juda).

Met hulle huwelik, volgens Brown, sou daar dus ‘n nuwe koninklike geslag ontstaan het wat dan voortgesit word in hulle dogter, Sarah.

Brown gaan voort en sê dat daar dus 2 redes was waarom die kerk al hierdie dinge sou wou verswyg:

1.  Omdat, as hulle sou toegee dat Jesus getroud was, dit sou beteken dat Hy seks sou hê met Maria Magdalena.  En dit sou Sy God-wees in mense se oë in gedrang bring.

2.  As Jesus en Maria dan getroud was en albei is uit koninklik geslagslyne, word ‘n magtige nuwe koninklike geslaglyn geskep wat dan ‘n bedreiging kan wees vir die kerk, wat die voertuig moet wees om God se genade aan mense te bring.

Na die kruisiging van Jesus, sou die swanger Maria M, deur Josef van Arimatea, wat dan die Oom sou gewees het van Jesus (dit het jy ook nie geweet nie!), uit Jerusalem na Frankryk gesmokkel word omdat dit vir haar te gevaarlik daar sou wees.

En dit is dan waar Sarah gebore is.  En sy is later getroud met ‘n man uit die magtige Franse gesin.

Ek weet wat jy dink:  waar kry Brown al hierdie feite van hom?

Dit sou volgens hom opgeteken gewees het deur die Franse, wat haar beskou het as hulle koningshuis.

Ons het al soveel keer gesê waarom Dan Brown se boek so “gevaarlik” en verwarrend is vir baie mense wat nie die ware feite ken nie: hierdie vermenging van waarheid en leuen. Daarom moet ons spesifiek na 9 vrae gaan kyk wat mense spesifiek oor hierdie gegewens het:

1.  Wie was Maria Magdalena volgens die Bybel?

Maria M was ‘n vriendin en volgeling van Jesus, soos baie ander vroue.  Die Bybelverse wat na haar verwys is die volgende:  Mat 27:56,61; 28:1; Mrk 15:40,47; 16:1,9; Luk 24:10; Joh 19:25; 20:1,18.

Markus en Lukas vertel beide vir ons dat Jesus 7 bose geeste uit haar gedryf het (Mrk 16:9). Mat 27:45 vertel vir ons dat sy teenwoordig was tydens Jesus se verhoor en lyding.  En Johannes vertel vir ons dat sy ook daar was as ooggetuie tydens Sy opstanding (Joh 20:18).

Lukas vertel vir ons dat sy by was toe Josef van Arimatea Sy liggaam in die graf gaan begrawe het.  En volgens Joh 20:1 was sy deel van die 3 vroue wat graf toe gegaan het die Sondagoggend en die graf leeggekry het.  Maar ook dat sy die eerste vrou was aan wie Jesus dan verskyn het as die Opgestane Here.  En dat dit sy was wat dit eerste ook aan die ander dissipels gaan vertel het.

En dit is al wat ons, volgens die Bybel, weet oor Maria M.

2. Is dit waar dat Jesus nie getroud kon wees nie omdat selibaat verbied is deur die Jode van destyds?

Alhoewel ons moet toegee dat die meeste Joodse manne van Jesus se ouderdom in die eerste eeu normaalweg getroud was, is daar geen historiese dokument wat aan ons sê dat dit verbied sou wees, of dat selibaat of vrygesel-wees, verbied is onder die Jode nie.

So weet ons ook bv van Johannes die Doper, Jesus se neef, wat nooit getroud was nie.  En dan weet ons ook dat dit onder Christene bekend was dat sommige gelowiges, ter wille van hulle diens aan God en die koninkryk, gekies het om nie te trou nie.  Bv Paulus, ‘n Jood, wat in 1 Kor 7:7,32,33 dit as ‘n gawe van God beskryf.

3. Was Jesus en Maria M getroud?

Daar is geen aanduiding in die Skrif dat Jesus getroud was nie.

Verder is geen van die woorde wat in die Skrif gebruik word om Maria M te beskryf, ‘n Griekse woord wat “eggenote” beskryf nie – soos Brown sou wil hê nie.

4.  Het Jesus en Maria M bedoel om ‘n nuwe koninklike bloedlyn daar te stel?

Daar is geen aanduiding in die Skrif dat Maria M van die stam van Benjamin was nie.  Verder is daar net een stam in die Bybel wat werklik as ‘n stam met ‘n koninklike bloedlyn beskryf kan word en dit was die stam van Juda, waaruit Dawid gebore is.

Saul was wel uit die stam van Benjamin, maar God het daardie bloedlyn gestop (1 Sam 13).

Daar is dus nie sprake van so ‘n nuwe koninklike bloedlyn nie. Verder was Jesus nooit polities ingestel om vir Homself ‘n politiese, aardse koninkryk hier te bou nie (Joh 18:36).

5. Hoe beoordeel ons hierdie sogenaamde historiese verslae wat Brown gebruik (uit die mond van Tebbing, die hoofkarakter in die boek) om sy stellings mee te begrond?

Ek verwys hier natuurlik na die Gnostiese evangelies, 52 van hulle (en nie 80 soos Brown sê), wat by Nag Hammadi, ontdek is in 1945, waarna Brown gereeld verwys in sy boek. Van hierdie Gnostiese evangelies is die bekendes die evangelie van Tomas en die evangelie van Waarheid.

Kom ek sê net so ietsie oor die Gnostiek. Dit was ‘n bepaalde filosofie (met Plato en Sokrates as die bekendste filosowe wat die rigting gepropageer het) in die eerste paar eeue, wat o a gesê het dat alles wat sigbare materie is, soos ons liggaam en die aarde, eintlik sleg en ‘n tronk is vir die siel van die mens. Terwyl dit juis die (nie-materiële) siel van die mens is wat bo alles die belangrikste is.

Dit het natuurlik geweldige implikasies, bv vir die etiek en ons waardesisteem, as ons so dink. Want dit beteken dat ons dan enigiets met ons liggame kan doen, want dit is nie belangrik nie.

Verder leer die Gnostiek dat ons siel eintlik goddelik is. Wat kom van ‘n plek soos die hemel (nie die hemel soos ons dit ken nie). En dit is waarheen ons siel moet teruggaan. Maar om daar uit te kom, het jy hierdie “geheime kennis” hê, wat die Gnostiek dan sê, hulle het. Of eerder, wat hierdie Gnostiese verlosser het. (Die vraag is natuurlik: as dit dan so “geheim” is, hoekom weet ons dan daarvan?)

Die ander ding wat die Gnostiek sê is dat ons siele lank voor dit in ons liggame beland het, bestaan het. (Wat die Mormonisme ook sê, maar wat die Bybel ten sterkste ontken (Gen 2:7; 1 Kor 15:45).

Die Gnostiek gaan dan verder en sê dat daar iets in hierdie “hemel” gebeur het wat gemaak het dat hierdie siele “daar uitgeval het” en so in ons liggame beland het. En dit is waarom ons dan hierdie Gnostiese verlosser nodig het, met die nodige kennis van hierdie “hemel” en hoe om weer daarin terug te kom. (Dit is presies wat ons ook in die film, die “Matrix” gesien het, en wat die rol was van Neo in die film.)

In die Evangelie van Maria M word dan gesê dat Jesus aan haar hierdie “kennis” vertel het, wat Hy nie aan die ander dissipels vertel het nie. Bv dat sonde nie eintlik bestaan nie, ens.

6. Het Jesus bedoel dat Maria M Sy opvolger moes wees?

Die waarheid is dat Jesus niemand aangestel het om Sy opvolger te wees nie.

Dit is net die Rooms Katolieke Kerk wat dink Hy het vir Petrus aangestel om die eerste Pous te wees, met dit wat Hy daar in Mat 16:18 gesê het. Daardie “rots” was eerder sy getuienis oor Jesus. Kyk ook Ef 2:19,20; 1 Pet 2:9.

7. Was Jesus ‘n feminis?

Het Jesus die waarde van die vrou verhoog in Sy tyd?  Ja.

Jesus het selfs baie vrouens in Sy bedieningspan gehad.  Verder was Sy optrede teenoor vrouens radikaal anders as wat die normale vir Sy tyd was.  Kyk maar net hoe Hy teenoor alle vroue opgetree het, selfs teenoor die Samaritaanse vrou daar in Joh 4, wie Hy geweet het 'n ontugtigte vrou was.

Maar Hy het beslis nie, soos die tipiese politiese feministiese beweging, in opstand gekom teen die rol van die vrou – asof daar nie 'n verskil is tussen die rol van 'n man en dié van die vrou is nie.

8.  Het Jesus 'n kind gehad?

Nee, want Hy was nie getroud nie.

9.  Was Josef van Arimatea Jesus se oom?

Die Bybel sê dit nêrens nie. Die Bybelgedeeltes wat na hom verwys is Mat 27:57; Mrk 15:43; Joh 19:38.

Ons weet hy was ryk en deel van die Joodse Raad.  Verder weet ons hy was 'n dissipel van Jesus (Joh 19).  En dit is al.

**OOR DIE UNIEKHEID VAN DIE CHRISTENDOM**

Dit is reeds ons agste week waarin ons besig is om mekaar toe te rus om meer effektief en geloofwaardig te kan reageer op die uitdagings wat hierdie boek THE DA VINCI CODE as boek en film aan Christene kan stel as van hulle vriende en kennisse daaroor vrae sou vra.

By hierdie geleentheid wil ek graag die reeks afsluit deur met jou vir ‘n paar minute te gesels oor ‘n debat wat al vir eeue aan die gang is en wat beslis ook in hierdie gesprekke geopper sal word. En dit is die debat daaroor dat die Christenedom nie uniek sou wees nie; dat die materiaal wat daarin voorkom reeds in baie ander godsdienste sou voorgekom het; en dat die skrywers van die Nuwe Testament beïnvloed sou gewees het deur die ou Oosterse heidense godsdienste. En dat ons dan verskillende elemente van hierdie godsdienste sou geneem het en dit sou meng op ‘n bepaalde manier, en die Christelike godsdiens so gebore sou geword het.

Jy gaan verder vind dat die mense wat op hierdie trant redeneer baie keer baie oortuig is van hulle standpunt en dat hulle argumente baie oortuigend klink. En as jy nie oppas nie kan dit selfs jou laat twyfel aan dit wat jy oor die jare geleer het en selfs geglo het op grond van die Bybel.

Daar is baie liberale teoloë en wetenskaplikes wat hierdie dinge glo. En ek glo Dan Brown is een van hulle. Daarom gaan jy oral in hierdie boek en film verwysings kry wat probeer aantoon dat die Christendom eintlik oorspronklik uit al verskillende heidense godsdienste gekom het.

So stipuleer Brown op bl 232 dat baie van die sogenaamde Christelike simbole (in die Roomse Kerk) afkomstig is uit heidense godsdienste. Bv die sogenaamde ligkrans wat om Christus en baie van die heiliges se koppe geteken of geverf was, is eintlik afkomstig van die Egiptiese son-aanbidding (“the sun discs”). Isis wat haar seuntjie Horas voed, sou dan die bloudruk gewees het vir die tekeninge van Maria wat die baba Jesus voed. Al die elemente van die Rooms Katolieke priesters se drag en voorwerpe wat hulle gebruik (veral tydens nagmaal), sou direk afkomstig gewees het uit heidense godsdienste.

Luister na hierdie uitspraak in die boek op bl 232: “"Nothing in Christianity is original. The pre–Christian God Mithras—called the Son of God and the Light of the World—was born on December 25, died, was buried in a rock tomb, and then resurrected in three days. By the way, December 25 is also the birthday of Osiris, Adonis, and Dionysus."

Selfs die Christene se weeklikse heilige dag (Sondag), is gesteel van die heidense godsdienste. Christene, so sê Brown, sou oorspronklik die Joodse Sabbat gevier het, maar Konstantyn sou die heidense fees uit die Son-aanbidding invoer as die heilige dag in die week. En so gaan hy aan en aan.

Ek het nie die tyd en die ruimte om al hierdie stellings in detail te probeer weerlê nie. Genoegsaam egter om te sê dat baie, en ook Brown, glo dat die Christendom 'n vermenging sou wees uit baie heidense godsdienste.

En natuurlik, as dit alles waar sou wees, sou dit beteken dat Christus Jesus nie werklik God sou wees wat werklik mens geword het nie. En dat Hy nie werklik gesterf en opgestaan het nie. En dan was Christus nie die Enigste weg na God toe. En dan het ons nie werklik enige hoop gehad op die ewige lewe en hemel nie. En dan was die Christelike godsdiens maar net een van baie godsdienste.

En dan kan ons maar net sowel ons Bybel in die asblik gooi en huis toe gaan. So ernstig is hierdie soort aantygings.

Dit is hoekom dit so belangrik is om hierdie soort aantygings met die nodige erns te bejeën en te hanteer.

Dit gaan ons nou doen. Ons gaan nou probeer bepaal of die Christelike godsdiens hierdie vermenging van godsdienste is.

Soos ek gesê het: hierdie soort idees wat ons hier kry, is nie oorspronklik van Brown alleen af nie. Dit is al oor baie jare deur baie liberale wetenskaplikes geopper. Dit kom uit hoevele kringe wat probeer aantoon het dat die elemente van die Christelike evangelieboodskap, en van die hoof-temas in die Bybel, oorspronklik eers in ander godsdienste net so sou voorgekom het. Hulle sê bv dat baie gode gebore sou gewees het soos Jesus, gesterf en opgestaan het soos Jesus. Baie van die praktyke, soos die nagmaal en die doop, sou net so voorkom in ander godsdienste.

Ek gaan in hierdie deel van ons gesprek probeer konsentreer op die enkele element, wat die hele tyd deur hierdie soort debat uitgedaag word, en wat die hart van die uniekheid van die Christelike boodskap verteenwoordig. En dit is nl die opstanding van Christus Jesus. Die vraag is dus: is die opstanding van Jesus Christus uniek tot die Christelike boodskap, òf is dit dieselfde as wat ons in ander heidense godsdienste vind?

Ons het reeds in baie detail oor die opstanding van Jesus gesels, en daarom gaan ek niks daarvan weer hier herhaal nie. Wat ek net weer hier wil sê, is die stelling wat ek gemaak het dat: as die opstanding van Christus Jesus nie 'n historiese werklikheid was en werklik gebeur het nie, is ons geloof tevergeefs en is ons die dwaasste en patetieste van alle mense oor al die vreemde goed wat ons dan nog glo. Gaan lees maar wat sê Paulus alles hieroor daar in 1 Kor 15:14. Want die opstanding van Jesus is die absolute fondament van die hele Christelike boodskap. As dit inmekaar tuimel, val alles inmekaar.

Daarom moet ons vir onsself uitmaak of die Christendom uniek is of bloot 'n versameling is van ander godsdienste. In 1980 het 'n geleerde met die naam, Sir James Fraser, 'n boek geskryf met die naam, The Golden Bowl, waarin hy probeer aantoon dat in al die verskillende godsdienste in die Oosterse wêreld, die dood en opstanding van die sentrale figuur in daardie godsdienste, die gemeenskaplike element is. En die rede hiervoor, sê hy, is omdat die mense destyds boere was, wat die siklus van saad ken: waar jy saad saai en dan sterf dit, en dan word dit weer lewendig om vrug te dra. Dit is hiervandaan wat al hierdie ou Oosterse godsdienste hierdie idee sou gekry het van 'n God wat sterf en ook moet opstaan.

Daar is veral 3 heidense godsdienste waar die Christendom dan sekere elemente sou geleen het, volgens hierdie geleerdes. Ek gaan jou in elke geval vertel wat gesê word oor elkeen van hierdie godsdienste, en jou dan toerus met 'n effektiewe respons teenoor so 'n argument.

1. Die Egiptiese godsdiens – en spesifiek die sogenaamde opstanding van Osiris.

Die storie verloop so: Osiris het die beheer van die aarde oorgeneem net na die skepping. Hy het egter 'n jaloerse broer gehad, genaamd, Seph, wat sy posisie wou hê. By 'n partytjie het hulle hierdie speletjie gespeel met 'n kis in die middel, met al die gode en godinne wat dan moet kyk of hulle in hierdie kis pas. As Osiris dan inklim, gebruik sy broer sy kans, maak die kis se deksel toe, kap dit vas en dan versmoor Osiris daarbinne-in. Hierdie kis, met die dooie Osiris-god in, word dan in die Nylrivier gesit. – Net so tussen hakies: Wie van julle sal "glo" in so 'n onnosele god! En boonop beteken "god" tog ook almagtig, niks is vir hom onmoontlik nie! Verder: die definisie van "god" sê tog ook: sonder ophou; kan nie sterf nie! – Osiris het egter 'n getroue eggenote gehad, genaamd Isis. Sy dreineer dan die Nylrivier, haal die kis met Osiris uit en bring dit terug na Egipte. Maar sy jaloerse broer vat dan die liggaam, sny dit op in 14 stukke en stuur dit die hele land vol, sodat sy nie sy liggaam kan hê nie. Maar sy gaan soek elkeen van hierdie gedeeltes, kry 13 van hulle en bring dit terug. Al deel wat sy nie kon kry nie, was sy manlike deel, wat deur sy broer in die rivier gegooi en deur 'n vis opgevreet is!!! Bid jou aan! Sy maak dan 'n manlike orgaan, hê "seks met Osiris" op die een of ander wyse, en so word Horis gebore. Tot sover die storie. Die meeste van ons voel aan dit is amper onnodig om te reageer op enige poging om hierdie storie te probeer gelykstel aan die verhaal rondom Christus se opstanding – wat nog te praat daarvan dat die Christendom sou "leen" by hierdie verhaal! Maar laat ons ten minste sê dat daar geen analogie moontlik is tussen hierdie verhale nie. Die belangrikste rede hiervoor is seker dat daar in die meeste weergawes van hierdie verhaal van Osiris daar geen sprake is van 'n werklike opstanding uit die dood nie! Maar eerder dat Osiris dood gebly het en slegs in die doderyk opgewek is waar hy dan as die heerser van die doderyk verder sou bestaan.

Heerser van die dooies! Bid jou aan! Watter vergelyking is daar dan met Christus as die Here van die lewendes! Die pogings om selfs sy begrawe-wees in 'n kis in die waters van die Nyl, gelyk te probeer stel met die Christelike doop, is niks minder as blote spekulasie en sonder enige grond. Om verder te probeer bewys dat die skrywers van die NT deur hierdie

soort mitologiese stories beïnvloed en geïnspireer is om hierdie verhaal oor Jesus te skryf, is ‘n futiele poging.

2. Kom ons gaan vervolgens kyk na die Romeinse verhaal oor die sogenaamde “opstanding” van Addis (ook genoem, Adonis).

Die verhaal lui dat Sybil, wat voorgehou word as die godin van gode en godinne, verlief raak op ‘n eenvoudige skaapherder, Addis. (Dit is insiggewind om te meld dat die verhale oor Sybil almal geskryf is nadat die oorspronklike evangelies en briewe van die NT geskryf is!) Addis is egter ‘n regte “ladies man”, met die gevolg dat Sybil hom kranksinnig maak. Hy kastreer homself in die toestand, en sterf. (Hierdie seksuele ondertone is deurgaans in al hierdie heidense legendes/mites die ooreenstemmende moment).

En volgens Romeinse paganisme is dit dan die rede en die wyse hoe die dood in hierdie wêreld van ons kom. Dan gaan die verhaal voort om te vertel hoe Sybil dan al haar goddelike kragte bymekaar maak en Addis opwek uit die dood. Tot sover die verhaal.

Ek sê: sy het hom opgewek, maar eintlik was dit nie “opgewek” in die sin soos ons dit verstaan nie. Al wat sy eintlik gedoen het was om sy liggaam te verhoed om te vergaan, sodat sy hare bly groei het en sy pinkie beweeg het!

Baie ver verwyder dus van dit wat gebeur het toe Christus uit die dood opgewek is! Dink net hoe Hy verskyn het aan meer as 500 mense; saam met Sy dissipels geëet het, ens. En dan wil party mense beweer dat die Christendom hulle verhaal oor Christus van hierdie Romeins-heidense verhaal van Addis sou geleen het!!!

3. Die derde en mees-aangehaalde van hierdie heidense godsdienste waar die Christendom dan sou gaan leen het, is Mithrasisme.

Daar is ‘n wonderlike webblad hieroor van JB Holding, naamlik www.tektonics.org, waar daar verwys word na die boek van Acharya S, *THE CHRIST CONSPIRACY,* waarin sy haar teorie probeer bewys dat Jesus baie in gemeen sou hê met Mithra - wat die Christendom dan sou geleen het om hulle Jesus-karakter te skep. (Sy sou hierdie selfde teoriëe verder ontwikkel in ‘n werk, *SUNS OF GOD:KRISHNA, BUDDHA AND CHRIST UNVEILED).* Van die belangrikste ooreenkomste wat sy dan noem is die volgende:

- Mithra is gebore uit ‘n maagd op 25 Desember, in ‘n grot, en sy geboorte is bygewoon deur herders
- Hy is beskou as hierdie groot reisende leraar en meester
- Hy het 12 volgelinge gehad
- Sy volgelinge is onsterflikheid belowe
- Hy het wonders gedoen

- As die groot “bul” van die Son, het Mithra homself geoffer vir wêreldvrede
- Hy is begrawe in ‘n graf en het na drie dae opgestaan
- Sy opstanding word elke jaar gevier
- Hy is die “Goeie herder” genoem, en ook die Lam en die Leeu
- Hy is beskou as “die weg, die waarheid en die lig” asook die “logos”, “verlosser” en “messias”
- Sy heilige dag was Sondag
- Mithra se belangrikste fees het later “Easter” geword

Tot sover Acharya S.

Maar wat sy nie vir ons sê nie, is dat al hierdie sogenaamde leringe of mites oor Mithras almal na die totstandkoming van die Nuwe Testament tot stand gekom het (soos laat as in die laat-tweede en derde eeu na Christus).

Dit is dus nie die Christendom wat by Mithra en “sy godsdiens” gaan leen of steel het nie, maar eerder andersom!!

Dus, om terug te kom na Brown se stelling dat niks in die Christendom oorspronklike materiaal is nie en bloot geleen is van ander godsdienste, is dit duidelik dat dit blote bog en onsin is.

Kom ek sluit hierdie deel en hierdie reeks af deur 5 dinge te noem wat die Christendom totaal uniek en anders maak as enige ander godsdiens in die wêreld:

1. Jesus, as die Verlosser-God, het mens geword om te kom sterf vir die sonde van die mensdom.

In geen ander godsdiens te wêreld lees ons van ‘n god wat bereid was om te sterf vir gewone mense, en hulle sondes nie. Die Bybel is baie duidelik hieroor: Jesus, die Seun van God, het kom sterf as versoeningsoffer vir ons sonde. Heb 7:27; 9:26-28.

2. Jesus se dood het histories plaasgevind.

Geen van hierdie ander sogenaamde gode wat sou gesterf het, het werklik histories gesterf nie. Hulle is almal blote mitologiese figure. Jesus was ‘n werklike historiese persoon. Ons weet meer oor Jesus as oor enige ander historiese persoon in die antieke wêreld.

3. Die boeke van die Ou en Nuwe Testament, waarin daar oor Jesus se lewe en die gebeure vertel word, is histories betroubare dokumente.

Dit word keer op keer deur die geskiedenis heen bevestig. As jy dit sou vergelyk met die boeke, waarin al hierdie mites oor hierdie gode vertel word, is daar geen werklike vergelyking

moontlik nie. Die gebeure waarvan ons bv in die Nuwe Testament van vertel word, is werklike historiese gebeure en woorde, wat teen 'n bepaalde historiese agtergrond plaasgevind het. Daar is geen aanduiding ooit dat ons te doen sou hê met mitologie nie. En enigiemand wat mitologie of mites sou wou raaklees in die Bybel se teks, en in die besonder in die Nuwe Testament, is nie wetenskaplik eerlik nie, en is bloot besig om bloot hulle eie vooronderstellings en opinies daar te wil inlees.

4. Van die begin af was die Christendom 'n eksklusiewe geloof.

Daar was nog nooit binne die ware Christendom enige verdraagsaamheid teenoor enige ander god of gode nie. Teenoor al die heidense godsdienste van hulle tyd, met hulle duisende gode, het die Christendom nog altyd gekom en gesê: ons God is die enigste God. En hulle het nog altyd gesê: ons kan dit vir julle bewys uit die profesië van die OT, en die gebeure van die NT, ens. Enigiemand wat toegelaat wou word tot die Nuwe Testamentiese ekklesia, moes bereid wees om enige ander aanbidding van enige ander god of verlosser prys te gee ter wille van aanbidding van Christus Jesus as die enigste ware Verlosser en Here.

Die Bybel is baie duidelik daaroor: die God van die Bybel, Jahwe, is die enigste God. Daar is geen ander God behalwe Hy nie.

5. In die lig van die laat-datering van al die geskrifte oor hierdie heidense godsdienste en hulle mitologiese figure, is daar geen moontlikheid dat hulle op enige manier die skrywe en die inhoud van die Nuwe Testamentiese boodskap oor Christus Jesus kon beïnvloed het nie.

Daar is dus geen gronde om te glo dat die Egiptiese godsdiens, of die Romeinse godsdiens, of die Persiese-Romeinse godsdiens en –geloof, enigsins die boodskap rondom Christus in die Bybel beïnvloed het nie.

As daar dus van enige kopiëring sprake is, is dit die Christendom wat al hierdie godsdienste in hulle ontwikkeling oor die eeue beïnvloed het.